# Rustenburg Gemeenskapskerk

**12 MEI 2024**



Ds. Theo Möller - 066 2703086
Posbus / PO Box 20146 | Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
Protea Park 0305 | E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
www.rtbgkerk.org | Registration number: MPC: PBO 930046902

## Hartlik welkom vandag by die Kerk





08h45 Lof en Aanbiddingsliedere
09h00 Erediens met Dr. Chris van Wyk
09h00 Kleuterkerk
10h00 Kategese vir Gr 8-11
10h30 Tee en verversings (Groep 14)

## Pinksterreeks 2024



Ons verwelkom dr. Chris van Wyk vandag in ons midde! Seën op u bediening, óók vandag in Rustenburg Gemeenskapskerk. Dr. Van Wyk was vir 37 jaar 'n leraar by N.G. Somerstrand in Port Elizabeth. Hy was reeds 3 keer verkies tot Moderator van die Oos-Kaapse Sinode van die N.G.Kerk. Hy het reeds 15 boeke geskryf en onder sy pen het Bybelskool.com die afgelope 16 jaar elke hoofstuk van die Bybel deurgewerk. 2500 Intekenaars lees daagliks saam op die webwerf en op Whatsapp. Hy is tans Direkteur van Bediening en Geestelike vorming by Veritas College International. Die Skriflesing vandag is uit Joh. 14:15-26 wat oor die grootste voorreg praat nl. dat die Heilige Gees in ons woon.

## Moedersdag

MET Moedersdag vandag, wil ons hulde bring aan al die ma's wat ons lewe verryk deur hul daar-wees, saamwees en ma-wees. Almal van ons is baie bevoorreg en geseënd om 'n mamma te hê. Mammas leer ons baie dinge in die lewe. My ma het my die volgende geleer:



Sy het my geleer dat die lewe uit soet, suur, sout en soms bitter bestaan.
Sy het my geleer van binnenshuise versiering en argitektuur .
Sy het my geleer van kosmaak, maar dat die beste resepte vir 'n vrugtevolle lewe uit die Bybel kom.
My ma het my geleer dat "common sense" meer waardevol is as grade en dat geld nie goeie maniere of styl kan koop nie.
My ma het my geleer dat stilstuipe net tot die dooies beperk is en dat 'n mens jou verskille moet uitpraat .
Sy het my geleer dat Tranedal en Platriem meer effektief is as die Stoute Stoel en Time out-terapie.
Sy het my geleer dat 'n bietjie spoeg en 'n soentjie meer effektief is as enige Panado of pleister.
Sy het my geleer dat die wenstreep na die Ewige Lewe belangriker is as die wenstreep op die atletiekbaan.
Mag elke mamma 'n besonderse lekker Moedersdag hê, propvol liefde, bederf en seën! Ons waardeer julle en is baie lief vir julle!

## i - toonbank in portaal vir:



- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke



## Pinksterreeks: 12 Mei - 2 Junie




Die werk van die Heilige Gees in my lewe
Sondag 12 Mei 2024
Tyd en plek:
Rustenburg Hoërskool skoolsaal:
09h00 - 10h00
Tema: Hoe praat die Heilige Gees?

## Ons Jeugspan 12 Mei 2024



Kleuterkerk:
Juané Denton
Gr 2-4: Tharina Swart,
Gr 5-7: Maryke Barnard,
Baie dankie ook aan al die ander helpers

## RGK Goeie Nuus Bybelskool




Ons volgende byeenkoms is Woensdag 22 Mei om 10h00 en 18h00 in NG Bergsig se konsistorie, in Bethlehem straat.
Tema: Bespreking van Pinkster boodskappe van 12 en 19 Mei 2024

## Dankoffers



**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**



**Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid**

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Verjaarsdae 12-18 Mei 2024



12-Janco vd Linde
13-Ansie Havenga
14-Bennie Neethling (s)
Saskia Erasmus, Jasmyn vd Walt
15–Cobus Bouwer
16-Hesca Myburgh
17-Dedré Engelbrecht
18-Juandré Grobler, Theo Möller (jnr)
Zelmarie White

## Bid vir ons lidmate

- Ivy Swart (1)
- Susan Schoeman(8)
- Miemie Nel (1)
- Lenie Opperman(8)
- Hennie Williams (6)
- Ansie Botha(14)
- Sania Opperman(8)
- Hannetjie Barnard (1)
- Ina Pretorius (3)
- Breggie Opperman (8)
- Henk Beumer (1)
- Shiela van Aswegen (8)
- Alet Visser (1)

